HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 53 van 2026**

24 April 2026

Geagte Ouers en Dogters

Dit is met groot opgewondenheid dat ons julle hartlik uitnooi na ons **heel eerste Ma-en-Dogter-funksie**, wat op **Saterdag, 16 Mei 2026** plaasvind. Hierdie geleentheid is vir ons besonder spesiaal en ons sien ongelooflik baie daarna uit om saam met julle 'n nuwe tradisie by ons skool te begin.

Die doel van hierdie dag is om vir ma's en dogters die geleentheid te bied om kwaliteittyd saam deur te bring, nuwe herinneringe te skep en sommer net saam die dag in 'n ontspanne en prettige atmosfeer te geniet.

Vanjaar se tema is 'n energieke en avontuurlustige **"Amazing Race"** waar julle as span aan 'n verskeidenheid kreatiewe en opwindende uitdagings reg oor die skoolterrein sal deelneem. Hierdie aktiwiteite is ontwerp om samewerking, kommunikasie en spanbou aan te moedig – maar bowenal om hope pret te verseker! Dit gaan beslis 'n dag vol lag, energie en lekker saamwees, wees.

Ons moedig julle aan om die dag ekstra spesiaal te maak deur **ooreenstemmende uitrustings** aan te trek. Raak kreatief, wys jul span se gees en geniet dit om saam iets uniek te skep. Hoe meer entoesiasme en gees, hoe beter!

Die verrigtinge begin om **10:00** by die skool. Na afloop van die aktiwiteite sal ons die dag op 'n hoogtepunt met 'n gesellige ete by Anthony's Restaurant by die L'Corro-sentrum afsluit. Bussies sal beskikbaar wees om ouers en dogters veilig na die restaurant te vervoer en daarna weer terug skool toe te bring. Die koste vir die dag beloop **R100 per persoon**, en betalings kan gerieflik via die **D6-toepassing** gemaak word. Ons vra vriendelik dat betalings betyds afgehandel word om julle plek te bevestig.

Ons hoop om dit saam met julle 'n onvergeetlike ervaring te maak wat nog vir jare onthou sal word. Ons sien uit daarna om elkeen van julle vir 'n dag vol pret, samehorigheid en spesiale oomblikke hier te verwelkom.

Vriendelike Randjiegroete

M. van Niekerk
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof